MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

6 NOVEMBER 2011

Zille se Midvaal-tameletjie
"Ons besef dat dit te veel gevra is dat die DA-leier, Helen Zille haar aan haar belofte sal hou om te bedank sou daar korrupsie in die Wes-Kaapse tenderproses gevind word, en korrupsiebevindings in Midvaal sou blyk uit 'n verslag wat deur die Openbare Beskermer bekend gemaak gaan word, maar ons verwag dat sy as uitgesproke kampvegter teen korrupsie streng en spoedig sal optree," sê die leier van die Christen-Demokratiese Party, ds. Theunis Botha. Hy het gereageer op berigte dat die Openbare Beskermer op die punt staan om 'n verdoemende verslag oor die DA-beheerde Midvaal bekend te maak.

"Dit is egter 'n morele tameletjie dat die Midvaal-fluitjieblaser beweer hy het Zille lank reeds persoonlik ingelig, en sy daarna gesê het sy weet nie eens wie hy is nie. Inteendeel, hy was daarna na bewering die slagoffer van karaktermoord deur Zille se top luitenante. Ons kan ons nie blind hou vir bedrog, korrupsie en wanbestuur deur die ANC nie, en ons kan ook nie die blinde oog werp op die beweerde bedrog, korrupsie en wanbestuur deur die DA nie. Dit is ongelukkig nie net Midvaal waar dit lyk of die DA oë toegeknyp en geledere gesluit het nie. Die Justice and Equality Front maak soortgelyke bewerings teen die DA in Bithou (Plettenbergbaai) veral gemik op die DA-speaker, Johann Brummer. Onder die besware is dat twee senior advokate reeds bevind het dat hy nie geskik is om as raadslid te dien nie, en dat sy vriendin, nou sy sekretaresse, amptenare hiet en gebied.

"As die Openbare Beskermer of ander instansies ANC-mense by korrupsie impliseer, eis die DA spoedeisende optrede. Wanneer DA-ampsdraers geïmpliseer word is daar 'n voeteslepery, soos nou ook blyk uit die ondersoek na die reis-eise van die DA-LP, dr. Manie van Dyk. Tot krediet van die media lyk dit of die media sake ongeag politieke oriëntasie oopvlek.

Zille's Midvaal crisis
"We realize that it might be expecting too much of the DA leader, Helen Zille, to resign, as she previously indicated, should corruption be found in some Western Cape tender dealings, and allegations be released by the Public Protector in a damning report on DA run Midvaal, but we do expect of her to act decisively and speedily." So says Christian Democratic Party leader (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

"We note with interest the fact that the Midvaal whistle blower claimed that he had personally brought the matter to Zille's attention, some time ago. She however claims not to know who he is irrespective of the fact, that it is alleged that he has been the victim of character assassination by Zille's top brass. "We cannot accept fraud, corruption and mismanagement from the ANC government neither can we turn a blind eye to the same fraud, corruption and mismanagement by the official opposition DA. Unfortunately, it seems that Midvaal is not the only place where the DA has shut their eyes and closed rank. The Justice and Equality Front makes similar claims against the DA in Bithou (Plettenberg Bay), mainly fingering DA speaker, Johann Brummer. Amongst the complaints levelled at him is that he was found by two senior advocates to be unfit for serving as councillor, and that his girlfriend, who is also his secretary, shunts officials around.

"When the Public Protector or other institutions exposed ANC supporters as being involved in corruption, the DA has been quick out of the blocks, in demanding drastic steps to be taken against them. When DA office bearers are implicated, they drag their feet, as is now evident in the alleged fraud travel case involving DA MP Manie van Wyk.

"The media must be complimented for consistently exposing corruption irrespective of the political party involved.